

**Skrifgedeelte: Psalm 35:19-28**

**Fokusgedeelte: Psalm 35:19-28**

**Here, wees my naby, hou my vas wanneer U vergeld!**

In die derde deel van Psalm 35 vertel Dawid hoe sy haters mekaar aanmoedig met 'n vermakerige oogknip, wanneer hulle sy dade berekend verkeerd interpreer, moedswillig vervals. Mense wat vrede haat, kan dit ook nie spreek nie. Groot leuens kom voort uit groot monde en boosheid is waarlik eenogig, heeltemal blind vir die vyand se goeie hoedanighede, soos Christus leer: "Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein" (Mark. 7:23).

Dawid bid dat die Alomteenwoordige dié wat hom verdruk, vergeld (2 Tess. 1:6), wanneer die Here die Troon van oordeel bestyg (vs 23). Dawid bely vertroue in die groot "EK IS", sy Here en sy God. Dawid gryp biddend vas aan die belofte van ware geregtigheid uit God.

Goddeloses se vreugde en spot in ons val, dring elke verdrukte gelowige na sy Rotsvesting. Die wraak wat Dawid vra, is dat die haters beskaamd voor God gestel mag word. Hy bid vir die triomf van die Koninkryk van die hemele, nie vir persoonlike verdediging nie (vs 27). Hy bid vir Godsopenbaring aan die ongelowiges. Dawid se profetiese gebed gehoorsaam beide die verbod op wraak én die opdrag tot naasteliefde (Lev. 19:18). Dawid bewapen homself met die wapentuig van geloofsvertroue, sy oog op God, wat regeer. Daarom kan hy God elke dag, heeldag loof en prys.

Dawid leer vooruit-vertrouend wat ons reeds weet: In Jesus Christus word alles volbring volgens die goeie raad van God. Psalm 35 is wél 'n wraakpsalm, waar vergelding teen onreg, teen God se waarheid gevra word. Die psalm leer ons om selfs in verdrukking, steeds te bid in Godsvertroue, met berusting in ons heil, nié vanuit persoonlike wraakbegeertes nie! God is nie ons stuurjonge nie, Hy is baie meer. Hý is ons Here en ons God!

*Sing: Psalm 35:1-10, 12  
Ds. LJ (Lou) Erasmus (Emeritus)*